

**15 Oktober**

**1 Petrus 2:11-17**

***Christus het jou vrygemaak en jou aan Hom verbind***

Elke mens wil vry wees om eie besluite te neem. Daar moet geen bande wees wat jou bind nie. Op alle vlakke van die samelewing soek mense na vryheid. En vryheid beteken dan vir baie ongebondenheid. As jy eers vry is, dan is jy jou eie baas en kan jy maak wat jy wil.

Deur sy apostel Petrus sê die Here vir alle gelowiges van alle tye en plekke: Julle is vry. Jy hoef nie daarna te soek of daarna te verlang nie. Christus het jou reeds vrygemaak. Hy het jou losgekoop uit hierdie sondige en gebroke wêreld en jou sy eiendom gemaak. Die losprys wat Hy betaal het, was sy eie lewe. Vryheid in Christus beteken egter nie ongebondenheid nie. Dit beteken Hy het jou vrygemaak en jou aan Hom verbind.

En hierdie vryheid moet jy nie gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Jy moet dit gebruik om die Here te dien en ook om 'n voorbeeld te wees vir die mense rondom jou. En jy dien die Here en jy is 'n voorbeeld vir ander wanneer jy soos 'n vreemdeling in hierdie wêreld leef en optree en ook wanneer jy jou onderwerp aan die Here se dienaars wat Hy as gesagsdraers gebruik.

Sing: Psalm 107:1

Ds. C. Krüger (Nelspruit)